

Inligtingsdag fokus op bewaringsboerdery

LOUIE ESTERHUYSEN, SA Graan/Grain medewerker

Bewaringsboerdery (CA) neem al meer toe in gewildheid en produsente maak toenemend aanpassings om hul boerderye oor te skakel. Juis hieroor het die LNR-Instituut vir Graangewasse (LNR-IGG) 'n inligtingsdag vir produsente gehou om hul kennis oor CA-praktyke te verbreed.

Die LNR-IGG-perseel in Potchefstroom is op 20 Februarie omskep in 'n inligtingsplatform vir honderde produsente; en personeel van die LNR, Graan SA asook produsente wat reeds CA-praktyke in hul boerderye toepas, het met die gaste gesels.

Die tema vir die dag was *Conservation agriculture: Taking the step towards sustainable crop production through research and experience*. Dr Hendrik Smith (bewaringslandboufasiliteerder, Graan SA) en mnr Phonnie du Toit (senior navorsingstegnikus, LNR-IGG) het beide klem gelê op die gaping wat bestaan tussen produsente en boerderypraktyke aan die een kant en die landbouwetenskap en navorsing wat gedoen word aan die ander kant.

"'n Hulpmiddel wat ons in CA-navorsing gebruik, is produsentgedrewe eksperimen-

tering," het dr Smith verduidelik. Produsente se ervaring en eksperimentering met CA word dus gebruik om navorsing uit te brei. Op hierdie manier word produsente al meer betrek by landbounavorsing.

Graan SA beywer hulself om by CA-navorsing betrokke te wees, omdat hul visie 'n winsgewende, mededingende en volhoubare graanindustrie vir produsente is. Volgens dr Marinda Visser (bestuurder: Bedryfsdienste, Graan SA) beplan Graan SA om navorsing ten opsigte van graan te dryf.

"Ons identifiseer die kwessies en behoeftes van produsente, omskep dit in navorsingstemas en daardie temas word gekoördineer met al Graan SA se konsortiums en belangegroepes en op hierdie manier kan ons navorsing dryf," het dr Visser vertel.

Daar was drie inligtingspunte op die perseel waar besoekers oor verskeie aspekte van CA kon uitvind. Mnr Cobus van Coller (Graan SA-hoofbestuurder vir Streek 23) het by een van die punte meer spesifiek gepraat oor die ekonomiese faktore van bewaringsboerdery. Hy het sy boerdery in 2005 oorgeskakel na CA as gevolg van probleme met erosie.

"Die besluit om oor te gaan moet egter geneem word op grond van 'n hele pakket, van erosie tot besparing en wat jy vir die nageslag gaan oorlaat," het hy vertel.

Mnr Hannes Otto (Graan SA-lid), wat al agt jaar CA toepas in sy boerdery in die Ottosdal-omgewing, het ook gesels oor sy ondervinding hiermee. Sy aanvanklike motivering vir die oorgang was ook as gevolg van erosie en hy het met CA gesien hoe die grondstruktuur verbeter het.

"Daarna het die ekonomiese voordele net bygekam. Die grootste voordeel vir my was die groot besparings op vervangingskoste. Verder het ek baie meer tyd om self op die lande te wees en die boerdery te bestuur," het hy vertel.

"Die inligtingsdag het voldoen aan die verwagting dat die produsente self sou deelneem en hul ervarings ten opsigte van CA deel. Die doel was ook om die produsente te bemagtig en te ken in die proses," het dr Smith gesê.

Volgens hom was die inligtingsdag 'n sukses en was daar heelwat meer besoekers as in die verlede. ■



- 1: Dr Marinda Visser (bestuurder: Bedryfsdienste, Graan SA) gee meer inligting oor Graan SA se betrokkenheid by die bevordering van landbounavorsing.
- 2: Dr Hendrik Smith (bewaringslandboufasiliteerder, Graan SA) glo dat CA 'n oplossing bied vir alle probleme rakende grondagteruitgang.
- 3: Cobus van Coller (Graan SA-hoofbestuurder vir Streek 23) en Hannes Otto (lid van Graan SA) het gesels oor hulle ervaringe betreffende CA en oor hoe dit vooruitgang in hul eie boerderybesighede tot gevolg gehad het.